**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appelnommer : A222/2005

In die appèl tussen:-

**A J H LAMPBRECHT** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** CILLIé R *et* EBRAHIM R

---

**AANGEHOOR OP:** 14 AUGUSTUS 2006

---

**UITSPRAAK DEUR:** CILLIé R

---

**GELEWER OP:** 31 AUGUSTUS 2006

---

[1] Die appellant is in die landdroshof skuldig bevind aan gewone aanranding en gevonnis tot 'n boete van R1 500,00 of 90 (negentig) dae gevangenisstraf. Met verlof van die verhoorhof kom hy nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding sowel as die opgelegde vonnis.

[2] Die beweringe teen die appellant, soos vervat in die klagstaat, is dat hy die klaer op die grond gedruk en met gebalde vuiste geslaan het. Hierop het die appellant by die aanvang van die verrigtinge, by monde van sy regsverteenwoordiger en soos voorsien deur artikel 115 van Wet 51 van 1977, verduidelik dat hy in geregverdigde noodweer opgetree het. Geen besonderhede van die omstandighede waaruit die beweerde noodweer ontstaan het, is egter verskaf nie.

[3] Die klaer, 'n bejaarde ongeletterde swart man, se getuienis was as volg: Hy was op 'n Saterdagoggend na sy werkgewer se huis onderweg om sy weeklikse loon af te haal. Hy was vergesel van sy vrou. Die klaer se werkgewer en die appellant se wonings is langs mekaar geleë. Toe hy op die sypaadjie voor die appellant se woning verbybeweeg, arriveer die appellant met sy voertuig en stop langs hom. Die appellant beveel hom om pad te gee voor sy huis. Klaer verduidelik dat hy op pad is na sy werkgewer om sy loon te gaan haal. Die appellant beskuldig hom dat hy Mnr.

Mandela en Mnr. Mbeki se seun is. Die klaer ontken dit. Hy word toe beskuldig dat hy ‘n skurk is, wat ook deur die klaer ontken word met ‘n verdere verduideliking dat hy dan vergesel is van sy vrou. Die klaer loop toe verder na sy werkgewer se huis. Die appellant volg hom en gryp hom voor sy bors aan sy klere en slaan hom met die vuis. Appellant gooi die klaer op die grond. Hy word met vuiste geslaan. Hy kan nie sê hoeveel keer nie. Sy vrou hardloop om die polisie te ontbied. Die appellant laat hom los. Hy gaan toe polisie toe en vandaar na die speurderskantore en lê ‘n klagte. Sy tande was los en hy het ‘n laserasie op sy bo-lip opgedoen, as gevolg van die voorval. Dit is dieselfde dag in die hospitaal behandel.

[4] Die klaer is uitvoerig gekruisverhoor. Daardie kruisverhoor beslaan vyftig bladsye van die oorkonde. Reg aan die einde van daardie kruisverhoor is dit afgesluit met die enkele volgende stelling:

> “I want to finish off by saying to you that the accused, if necessary, will tell Her Worship that, on the day in question, you were the aggressor and he acted entirely in self defence there. Without saying to her exactly what he did, he will tell Her Worship, if

> necessary, that you in fact, attacked him and you drew a knife whereafter, he was forced to defend himself, to disarm you. And it was during this process that he got involved in a struggle with you."

Vergelyk oorkonde bladsy 69 reël 1 tot 12.

Hierop het die klaer as volg geantwoord:

> "No, I was not carrying a knife. I am an elderly person who does not carry around a knife with me."

Vergelyk bladsy 69 reël 18.

[5] Die klaer se vrou het hierna getuig en in die breë die klaer se weergawe bevestig. Aan haar is ter afsluiting van die kruisverhoor slegs die volgende gestel:

> "I want to put it to you finally, that what you and your husband are trying to do, is to shift the blame away from the disorderly behaviour of your husband. And that you came to court with dirty hands, putting the blame on the accused instead of laying the blame before the person who was responsible for this whole incident, your husband. All you are doing is, you are covering

> up for your husband because you have been living with him for the last seven years.”

Vergelyk bladsy 82 en 83.

Dit het die staatsgetuienis afgesluit.

[6] Die appellant het sy saak gesluit sonder die aanbieding van enige getuienis.

[7] Mnr. Nel, namens die appellant, het met ‘n beroep op **S v FRANCIS** 1991 (1) SASV 198 (A) betoog dat die weersprekings tussen die appellant se getuienis en die van sy vrou sodanig was dat die appellant se versuim om getuienis af te lê nie daardie gebreke sodanig aanvul dat bevind kan word dat die appellant se skuld bo redelike twyfel bewese is nie. Hy beklemtoon ook dat daar geen las op die appellant gerus het om die ge-opperde noodweer te bewys nie.

[8] ‘n Beskuldigde wat sy swygreg uitoefen, moet besef dat dit ‘n *prima facie* saak van die Staat onaangeveg laat. Waar daar direkte getuienis is wat die beskuldigde impliseer, versterk

stilswye daardie direkte getuienis. Vergelyk **<u>S v NKOMBANI AND ANOTHER</u>** 1963 (4) SA 877 (A); **<u>S v MTHETWA</u>** 1972 (3) SA 766 (A).

[9] In die onderhawige geval was daar twee getuies wat direk die ge-opperde noodweer weerspreek. Beide van hulle het ontken dat die klaer ooit 'n mes hanteer het en meer nog by hom gehad het die dag. Die skrapse wyse waarop die feite wat die verweer van noodweer sou daarstel aan die staatsgetuies gestel was, het ook nie eintlik meegehelp om die verhoorhof in die posisie te plaas om te weet presies wat die appellant se weergawe van die feite is nie. Die klaer en sy eggenote is twee bejaarde mense. Die appellant is volgens die klagstaat 42 jaar oud. Die waarskynlikhede is oorweldigend in die guns van hul weergawe van die gebeure. Dit is so dat daar onderlinge weersprekings is in hul getuienis, maar hulle het getuig meer as 'n jaar na die voorval plaasgevind het. Daarby het die klaer se vrou tydens die gebeure weggehardloop polisie toe en duidelik nie alles waargeneem nie. Ek vind dit totaal onwaarskynlik dat die

klaer, as hy sondermeer die appellant met 'n mes aangeval het, so as wat appellant beweer, hom polisie toe sou haas sodra hy daarin slaag om homself van die appellant te bevry. Nog meer so ten aansien van sy vrou. Maar die deurslaggewende lê, myns insiens, in hul getuienis rakende appellant se uitlatings oor Mnr. Mandela en Mnr. Mbeki. Dit is eenvoudig nie die tipe van beweringe wat 'n bejaarde ongeletterde eenvoudige arbeider soos die klaer uit sy duim kan suig nie. Hierdie getuienis het net dit wat die moeilik vertaalbare Engelse uitdrukking "a ring of truth" inhou.

[10] Die verhoorlanddros se bevinding dat die staatsgetuienis 'n *prima facie*-saak daargestel het, wat 'n voldoende bewese saak geword het, in afwesigheid van getuienis van die appellant, kan dus nie fouteer word nie.

[11] Vonnis:
Soos reeds gemeld, is die appellant gevonnis tot R1 500,00 of 90 (negentig) dae gevangenisstraf. Die appellant se aanranding op die klaer, was totaal ongevraagd. Die klaer was geregtig om te wees waar hy was, daar op die

sypaadjie. Dit is moeilik om die indruk te ontsnap dat hierdie blatant rassistiese optrede van die appellant was. Hy moet homself eintlik gelukkig ag dat hy nie 'n veel swaarder vonnis en selfs effektiewe gevangenisstraf opgelê was nie.

Bygevolg word die appèl afgewys en die skuldigbevinding en opgelegde vonnis bekragtig.

**C.B. CILLIé, R**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. J. Nel<br>In opdrag van:<br>Webbers<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. J. Botha<br>In opdrag van:<br>Direkteur Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp